Soos Jesus ons leer bid het … hoe gebed ons lewe kan verander!

Ons wil graag 2012 begin met 'n reeks oor gebed. Ons doen dit om verskeie redes

- Eerstens omdat gebed 'n **wonderlike deel van gelowiges se lewe uitmaak**. Helmut Thielicke sê *"Kan daar iets groters bestaan as om die wêreld in 'n nuwe lig te sien – deur middel van gebed".* Ons is oortuig daarvan dat elke gelowige die vreugde en krag van gebed moet ervaar. Dis soos suurstof vir ons longe. Ons kan regtig nie daarsonder lewe nie!
- Ons hou hierdie reeks ook omdat ons maar te goed weet (ook uit eie ervaring) dat baie **gelowiges sukkel met gebed**. Die meeste van ons – so glo ek – sal bereid wees om te erken dat ons gebedslewe arm is en dat ons nie genoeg bid nie. Daar is baie redes hiervoor. Sommige het te make met ons besige lewe en vol programme; ander het te doen met baie misverstande wat daar oor gebed is; baie het doodgewoon te make met ons harde harte wat dink dat ons sonder God oor die weg kan kom, ens. Mens sou baie redes kon byvoeg. Ek dink daar is een wat uitstaan, maar wat ons bang is om te erken. Baie mense is ***teleurgestel in hulle gebedslewe***. Hulle het iets spesifieks van God gevra, iets belangriks, maar die Here het nie geantwoord of uitkoms gegee nie. Omdat ons teleurgestel is in God het baie mense uit moedeloosheid ophou bid. En so die vreugde en troos van 'n gebedslewe met die Vader prysgegee. Ons sal hieroor met mekaar moet praat en saam soek na God se leiding ...
- Daar is 'n derde, belangrike rede waarom ons oor gebed wil preek: ek is seker dis die **beste plek om 2012 te begin**. Dink net hoe kan ons, ons gemeente, ja die wêreld waarin ons woon, verander as daar verdieping en groei in hierdie belangrike deel van ons geloofslewe is!

Daar is 'n ou legende wat vertel hoe leerlinge eendag vir hulle rabbi gevra het: "*Leermeester, gebeur dit vandag nog dat mense – soos in die Bybelse tye – vir God van aangesig tot aangesig sien?"*

"Nee," was die rabbi se antwoord.

"Maar hoekom dan nie?", wou hulle weet.

Hy bly toe lank stil voor hy antwoord: *"Omdat mense nie meer so laag wil buk nie, my seun."*

As ons aan die begin van die jaar laag buk, weer biddend leef, sal ons meer van God sien en leer as wat ons ooit gedink het moontlik is. Wil jy nie saam met ons vir die Here vra, soos die dissipels destyds gedoen het: ***Here, leer ons bid!***

Christene kan nie oor gebed praat sonder om te begin by die gebed wat die Here Jesus Sy dissipels geleer, en vir Sy kerk gegee het nie. Daarom wil ons die reeks gebruik om die klem te laat val op die Onse Vader gebed. 'n Kort gebed, maar een waarin daar baie meer sit as wat mens aanvanklik dink. Die ou kerkvader, Tertullianus, het eeue gelede al gesê dat die Onse Vader gebed die samevatting van die hele Evangelie is! As ons die gebed beter verstaan, verstaan ons die hele boodskap van die Bybel!
Wat die gebed veral wonderlik maak, is dat dit ons nie bloot 'n formule gee om te memoriseer nie, maar 'n breë raamwerk wat ons op verskeie maniere kan help:

- In die eerste plek is dit 'n modelgebed wat ons help ***om reg te leer bid***. Dit word al eeue deur Christene gebruik as 'n gebedshulp.
- In die tweede plek wil die Onse Vader ons leer om *God self, en Sy plan met ons lewe beter te verstaan.* Ons ken God slegter as wat ons dink. Dis hoekom ons nie doen wat Hy vra nie en ons lewens soms in soveel chaos gedompel word. Die gebed wil ons help om **God op 'n nuwe manier te leer ken**!
- Derdens wil die gebed ons op ons knieë leer wat Hy wil hê **ons moet doen as ons van ons knieë opstaan**!

Hoe lyk die struktuur van die Onse Vader?

Dit bestaan uit drie dele:

- Die aanhef: die begin waarin die Here se naam aangeroep word
- Die drie U-bedes: laat u Naam geheilig word, Laat u koninkryk kom, laat u wil geskied

- Dan volg die drie ons-bedes: vir ons brood, vir vergewing van ons sonde en skuld, en dat die Here ons sal bewaar van versoekings en die Bose.

Die temas vir die kwartaal sal dan so lyk:

Tema 1 (15 Januarie)
Die groot misverstand oor gebed: die probleem lê nie by God nie, maar by ons!
Skriflesing: Luk 18: 1-8; Matteus 6:5, 7-8

Tema 2 (22 Januarie)
Om bewus te raak dat die Here by ons is en te ontdek Hy is ons Vader wat ons oneindig liefhet
Skriflesing: Matteus 6:9a *Ons Vader wat in die hemel is ...* en Rom 8: 11-17*)*

Tema 3 (5 Februarie)
Gebed as aanbidding: om God te leer ken vir wie Hy werklik is
Skriflesing: Matteus 6:9b *"Laat u Naam geheilig word ..."* en Johannes 17:25-26

Tema 4 (12 Februarie)
Gebed as voorbidding: om deur God se oë te sien hoe die wêreld kan lyk!
Skriflesing: Matteus 6:10a *"Laat U koninkryk kom ..."*; Gen 18:22-23; Johannes 14:12-14)

Tema 5 (19 Februarie)
Gebed as oorgawe: om te buig voor God se wil
Skriflesing: Matteus 6:10b *"Laat U wil op die aarde geskied, net soos in die hemel"* en Matteus 26: 39

Tema 6 (4 Maart)
Gebed vir al ons lewensbehoeftes: 'n God wat kan voorsien
Skriflesing: Matteus 6:11 *"Gee ons vandag ons daaglikse brood ..."* en Matteus 6: 25=34

Tema 7(11 Maart)
Gebed om vergiffenis en vernuwing: 'n God ons help om nuut te begin
Skriflesing: Matteus 6: 12 *"Vergeef ons ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree."*
en Psalm 51:2, 8, 18-19; Matteus 6: 14-15

Tema 8 (18 Maart)
Gebed om bewaring: 'n God wat ons swakhede ken – en ons wil beskerm!
Skriflesing: Matteus 6:13 *"Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose"*
en Psalm 121:1-5, 8; Romeine 8:28-39
Mag die reeks deur die Heilige Gees gebruik word om ons gebedslewe te verander. Mag die kwaliteit van ons geloofslewe verdiep. Ja, mag ons elkeen in 2012 die vreugde van 'n intieme, persoonlike gespreksverhouding met die Vader beleef. Mag dit veral geen las wees nie, maar so vanselfsprekend en maklik soos asemhaal.

Heidelbergse Kategismus, Sondag 45

Vraag:*Waarom is gebed vir Christene nodig?*

Antwoord:*Dit is die vernaamste deel van dankbaarheid wat God van ons eis. .*

Ds Hans Steyn (namens leraarspan)